

VRYSTAAT LANDBOU NUUSBRIEF



Vrystaat Landbou
die tuiste vir
elke kommersiële boer

Vrystaat Landbou
Free State Agriculture
Tsa Temo Freistata

*We proudly
provide food
to the nation*



BRANDSEISOEN OP HANDE

Berei nou reeds voor vir brandseisoen.

Alhoewel die Vrystaat nog baie nat is, het die eerste ryp reeds middel April in die kouer dele van die Vrystaat voorgekom en is die groot lading plantmateriaal in die veld en op lande besig om 'n potensiële brandgevaar te word.

Weens die afgelope tyd se nat toestande kon talle boere nie in hul lande kom om onkruid te spuit nie en is die brandbare biomassa in die lande baie meer en hou 'n gevaar vir oeste in.

Dr Jack Armour, kommersiële bestuurder van Vrystaat Landbou, wys uit dat versekeringsmaatskappy jou as versekerde sal bevraagteken oor aksies wat geneem is om brandgevaar so ver moontlik te beperk.



NUWE HOOF UITVOERENDE BEAMPTTE

*Gernie Botha, huidige
Operasionele bestuurder
van Vrystaat Landbou, is
vanaf 1 Mei 2022
aangestel as Hoof
Uitvoerende Beamppte.*



VOORSTELLE VIR BRANDSEISOEN

- Dis of skraap alle wenakkers, asook paaie in en om lande so breed as moontlik.
- Doen ekstra moeite met brandvoorbereiding, voorsorgmaatreëls en versekering.
- Stel 'n brandplan vir jou eie plaas op.
- Raak betrokke by brand beskermings verenigings (BBV's) in jou area.

Enige navrae kan gerig word aan jack@vslandbou.co.za

SKENKING

Baie dankie aan **Old Mutual Insure** wat landbouers wat deur natuurrampe soos veldbrande en vloede geraak word, bystaan wanneer dit wel voorkom.

Old Mutual Insure het onlangs 12 Husqvarna brandblasers aan boere in die Vrystaat wat voorheen deur veldbrande geraak is, oorhandig.



Die Nasionale Wet op Veld- of Bosbrande maak voorsiening vir die regulering van en riglyne met betrekking tot wetgewing rondom veld- en bosbrande.

Diensverskaffers

VL wil graag vir ons lede meer waarde toevoeg en daarom is 'n platform op ons [webtuiste](#) geskep waar instansies/ maatskappye wat produkte en / of dienste relevant tot landbouers bied, kan registreer.

Stuur gerus enige voorstelle of verwysings van instansies by wie u sal wil koop na elana@vslandbou.co.za



GRONDBESETTINGS

Wat jy moet weet.

Grondbesettings en ernstige misdaad regverdig 'n mobilisering en aktivering van die Landelike Veiligheidsplan in 'n area, ten einde oortreders so vinnig as moontlik te identifiseer en te arresteer.

VL se "Grondbesetting Gebeurlikheidsplan" speel hier 'n rol. Opleiding wat deur VL en LGV aangebied word lig alle boerderygemeenskappe in oor hoe om op te tree, ook tov wetlike aspekte wat ter sprake is.

Boere en veral veiligheidsverteenwoordigers van boereverenigings word versoek om so vinnig moontlik enige inligting aan hul streekveiligheidsverteenwoordiger, VL se Veiligheidslessenaar en ook aan die SAPD op plaaslike vlak te skakel, sodat dit voortydig aangespreek kan word.

Lees meer in die **Landelike Veiligheid verslag** van April 2022 of kontak jane@vslandbou.co.za

Besettings

"Kommunikasiekanale op plaaslike vlak met die Polisie se Stasie-bevelvoerder, Landelike Veiligheidskoördineerder en die distrik se bevelstruktuur is hier van kardinale belang ten einde vinnige reaksie vanaf boere en die polisie te verseker."

Dr Jane Buys

ARBEIDSAKE

- Vrystaat Landbou herinner lede aan die afsnydatum van **31 Mei 2022** vir die indien van loonopgawes (RoE's) in terme van die Wet op Vergoeding van Beroepsbeserings en Gesondheid (COIDA).
- Nasionale Minimum Loon – daar is alreeds besprekings by Agri SA wat betref die medium termyn teikens van die Nasionale Minimum Loonkommissie. Terugvoer sal na afloop van bespreking voorsien word.
- Ons het Arbeidsboeke by Vrystaat Landbou-kantoor te koop wat van hulp kan wees aan werkgewers. Rig navrae aan elize@vslandbou.co.za